

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Tye van kritieke belang en die onderskeiding daarvan

Skriflesing 1: Jesaja 5:1-7 (1953)

¹ LAAT my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.

² En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring.

³ Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd.

⁴ Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring?

⁵ Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word.

⁶ En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie.

⁷ Want die wingerd van die HERE van die leëskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreue!

Skriflesing 2: Lukas 12:49-56 (1953)

⁴⁹ EK het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was!

⁵⁰ Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is!

⁵¹ Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid.

⁵² Want van nou af sal daar vyf in een huis verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie.

⁵³ Die vader sal verdeeld wees teen die seun en die seun teen die vader, die moeder teen die dogter en die dogter teen die moeder, die skoonmoeder teen haar skoonogter en die skoonogter teen haar skoonmoeder.

⁵⁴ EN Hy het ook aan die skare gesê: Wanneer julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: Daar kom reën! en dit gebeur ook.

⁵⁵ En wanneer julle die suidewind sien waai, sê julle: Dit sal gloeiend warm wees! en dit gebeur.

⁵⁶ Geveinsdes, die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie?

Broodjies vir die Pad

In today's excerpt from Isaiah, God is ready to abandon God's people for one specific reason-- the cry of those who suffer injustice in their midst. From Jeremiah, God calls out human complacency and complicity. In psalm 82, God demands answers and action-- "Do justice...!" Luke's Jesus, who unforgettably teaches and embodies practical justice for any and all persons, therefore, is also a threat to the status quo of individuals and society that benefit from callous indifference to the needs of others. For those who want to understand the times in which they live, Jesus says, one question must be paramount: How is justice done or not done now? This is a provocative question. It can divide friendships and families. **Human sin is not about slight offences or titillation, it is about the well-being or even survival of others.** Isaiah, Jeremiah, the psalmists, and Jesus all link how a people answer that question to the very sustainability of a society and its times. A society that cannot conduct a responsible conversation about real, actual human evil and then "Do justice" makes itself vulnerable. Anyone who raises the question and engages it seriously speaks God's word "faithfully," Jeremiah would say. It can divide families, but it can save our souls and our times!

<http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/08/proper-15-year-c.html>



Filosoof

Ad Verbrugge (1967) woont in Leiden en doceert sociale en culturele filosofie en filosofie van de economie aan de Vrije Universiteit. Tevens is hij voorzitter en medeoprichter van Beter Onderwijs Nederland. Hij schreef eerder 'Tijd van onbehagen', waarin hij kritiek gaf op het individualistische waardenpatroon van de jaren zestig. Hij treedt met enige regelmaat op in televisieprogramma's, waaronder het Het Filosofisch Kwintet.

Het eerste deel van 'Staat van verwarring' ligt nu in de winkel. Verbrugge is nu bezig met deel twee, waarin hij de sociale en economische kanten van gemeenschap wil onderzoeken.

We communiceren te veel vanachter onze computer, en dat is slecht voor onze persoonlijke relaties?

"Die worden vluchtiger. Maar dit is niet nieuw, het past in een trend waarbij onze economie meer en meer is gaan draaien om beleving. In de consumptiemaatschappij is het opdoen van zoveel mogelijk prikkels en sensaties een doel op zichzelf geworden. Dat leidt tot een vluchtige relatie met de dingen en mensen om ons heen.

De virtualisering is het hoogtepunt van die trend. Ze maakt verhoudingen op afstand mogelijk. Ze bevrijdt ons van de beperkingen van ons lichaam en van plaats. De tv en internet kunnen je meevoeren naar een andere wereld. Die kunnen we niet aanraken, maar we zijn er zintuiglijk wel heel sterk op betrokken. Het weekt ons los van de lijfwêreld."

En we worden ook losgeweekt van elkaar?

"Dat is wel het risiko. Als we een gesprek of een vriendschap 'niet leuk' vinden, klikken we het weg, terwyl we hier, aan deze tafel, dan veel meer met elkaar opgescheept zitten. Virtuele contacten gaan vaak meer om mijn beleving en wat het mij oplevert, dan om het welzijn van de ander en om het vormen van een gemeenskap. Maar dat leidt wel tot verwarring in onze verhoudingen. Mensen willen vrij zijn, maar ze willen ook aandacht en liefde.

Cultuurkritiese filosofe en intellektuele uit die jare zestig hebben die verwarring versterk. Ze wilden ons bevry van 'onderdrukkende' norme en waarde van die burgerkultuur. Maar het gevolg is dat we minder gedeelde omgangsvorme hebben. Dat is een onthechting die relaties, tussen man en vrouwe byvoorbeeld, heeft verstoord en mense heeft verwond. Veel gezinne eten nie eens meer saam. Die virtualisering maak dit onthechten en dit op jezelf terugtrekken nog veel makkelijker. We sitte swygend naas elkaer, terwyl we ons via onse mobiel in een andere ruimte bevind.

[...]

"Ik zeg ook niet dat ik iets nuwe vertel. Dat wil ik nu juist nie. Om met Aristoteles te spreke: het gaat me erom het 'bekende' te doorgrond. In die postmoderne westerse filosofie moeste we relaties, alle kultuur en alle orde sien as vorm van onderdrukking - onder invloed van Freud, die stelde dat kultuur die onderdrukking beteken van onse erotiese drift. In die jare zestig is dit idee tot die hele saamleving doorgedronge."

<http://www.trouw.nl/tr/nl/5116/Filosofie/article/detail/3490330/2013/08/11/Internet-biedt-ongebonden-seks-maar-erotiek-zoekt-juist-binding.dhtml>

Brood vir die Pad

Ter verdediging van wat vroeër liefde genoem is

Dirkie Smit

Dit het tyd geword om liefde te verdedig. Trouens, dalk eers te herontdek, want ons het vergeet wat dit is, dit afgeleer, die woord vir iets anders leer gebruik – en dit dan te verdedig, want dit word van alle sye aangeveg. Só sê Alain Badiou, Marokkaans-gebore Franse filosoof en leidende denker in 'n onderhoud, onlangs vertaal as *In Praise of Love*. 'n Internet afspraakewerf se advertensies het hom ontstel, vertel hy. Aan 't dink gesit oor liefde, waarvoor wysgere glo nog nooit genoegsaam gepeins het nie. Die soort ontmoetings daar geadverteer belowe liefde sonder risiko, plesier sonder verbintenis, being in love without falling in love, die kans om enige oomblik weg te stap, sonder sorg – en dit ontstig hom.

Die reklame vir hom net nóg 'n vorm van ons weghol-hedonisme vandag, ons selfsug en selfsoeke. Die ander is g'n ander nie, nie geag in eie reg nie, maar net daar ter wille van my – en my vlietende hunkeringe. As die een my nie meer pas nie, stap ek weg en soek verder, sonder risiko of verbintenis, op weg na die volgende ontmoeting – met myself. In sulke tydelike kontakte (nie regtig verhoudinge nie, sê hy) is daar g'n plek vir swaarkry, krisis, teenslae – en dus vir trou, mekaar vashou, saam volhou desondanks – nie. Liefde se grootste vyand is nie derde partye of jaloesie, soos soms beweert nie, maar selfliefde. En die stempel juis ons tyd, gee hy sosioloë soos Sennett en Bauman gelyk, oor die gees van finansiële kapitalisme, die no commitment for my part, wat ons almal inadem en uitleef.

Die kritiek rus op sy eie siening van liefde. Liefde, sê hy, is om te ontdek dat dit moontlik is om die wêreld anders te sien as net deur ons eie oë. Dis die bereidheid om te leer kyk, nie net vanuit ons eie identiteit nie, maar saam, óók met ander se oë. Dis die gewilligheid om in die proses uitgedaag te word, swaar te kry. Dis die vertrou dat só saam nuwe wêreld tot stand kan kom, nuwe waarheid geken word, méer as die oënskynlik veilige verblyf in eie identiteit. By elke geboorte van 'n kind blyk die liefde opnuut – van nou af word die wêreld nóg 'n keer nuut geskep, saam geskep, saam gesien, met alle opwindende én pynlike verskille. Liefde vra die voorneme, verbintenis, trou om die saam-kyk nooit te wil opgee nie, ongeag wat kan wag op die pad saam. Identiteitstaal, sê hy, is selfbeskermend, letterlik behoudend, reaksionêr teenoor andersheid. Liefde, egter, belê in nuutheid, saamheid en toekomst, in gróter waarheid as net ons eie.

Dis nogal effe ironies. Hy beklee naamlik die René Descartes-leerstoel aan die Europese Nagraadse Skool, juis genoem na die wiskundige bekend as vader van die Westerse denke omdat hy die outonome individu, as denkende subjek, tot maatstaf van alles sou maak – kennis, waarheid, moraal. Badiou gryp bewus ver ágter Descartes terug en bely weer soos Plato van ouds dat ons op ons eie nie die norm is nie, omdat wie nie by liefde begin nie, 'n gróter, gróotser waarheid nooit sal ken nie.

<http://www.dieburger.com/opinie/2013-08-10-geestelike-waardes-ter-verdediging-van-wat-vroeër-liefde-genoem-is>

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877